



Knip oog

Kritiese massa nodig vir mediese dienste



Daar was die afgelope tyd onsekerheid tussen inwoners en eienaars oor die mediese dienste wat beplan is vir Die Oog. Verwarring heers skynbaar ook oor die verskil tussen 'n fasiliteit en 'n diens. Dit het weer vrae laat ontstaan oor die bewoording van die nuutste bemerkingsmateriaal waarin aangedui word dat alle gesondheidsorg-fasiliteite by Die Oog reeds in plek is.

Die rol van enige Ontwikkelaar is om die fasiliteite te skep wat hy in die koopkontrak onderneem het. Die Regspersoon is verantwoordelik vir die onderhoud en vervanging van die fasiliteite, asook die dienste gelewer met betrekking daartoe, welke onderhoud en dienste befonds word deur die heffings en in ooreenstemming met die bepalinge van die Bestuursoreenkoms, wat ook deel uitmaak van die koopkontrak.

Daar is vier vlakke van versorging by Die Oog: Voorkomend, tuissorg, midsorg (ook bekend as hotelsorg of "assisted living") en langtermyn verswaktesorg. Versorging is 'n diens wat dus deur die Regspersoon gereël moet word. Die ontwikkelaar moet die fasiliteite skep vanwaar die dienste gelewer kan word. Addisioneel tot versorging, is daar voorsien dat sekere mediese dienste mettertyd op die terrein gelewer sal kan word. Die enigste rede waarom daar nog nie besoekende mediese praktisyne is by Die Oog nie, is omdat die getalle dit nog nie regverdig nie.

Voorkomende gesondheidsorgdiens

Reeds sedert Oom Hansie en Tannie Alida Pretorius, ons eerste inwoners by

Die Oog ingetrek het, is die voor-komende gesondheidsorgdiens en noodreaksie beskikbaar. Almal ken al vir suster Bertha Booyens en suster Retha Wright wat altyd op hulle pos is in die gesondheidsorgsentrum en almal is dit eens dat hulle 'n uitsonderlike diens lewer.

Fasiliteite geskep

Die Ontwikkelaar het kontraktueel onderneem om die volgende mediese fasiliteite te skep: "Kamers met 'n apteek en besoekende mediese dokter, tandarts, voetkundige, fisioterapeut en kliniek: Die fasiliteit sal beskikbaar gemaak word en mediese praktisyne van die omliggende dorpe sal gekontak word om dienste te lewer vir hulle eie rekening." Hierdie fasiliteite is in die gesondheidsorgsentrum wat al meer as 'n jaar gelede voltooi is. Vir 'n geruime tyd het Lee Grundlingh 'n voltydse fisioterapie-diens aangebied, maar weens onvoldoende getalle gaan die diens nou afgeskaal word na 'n deelydse (maandelikse) diens.

Verskeie mediese praktisyne, insluitende algemene praktisyne, oogkundiges, tandartse en aptekers is al genader om die dienste te lewer, maar hulle gevoel was tot nou toe dat dit weens onvoldoende getalle nog nie lewensvatbaar is nie.

Sorgsentrum vervroeg

Aanvanklik is die gesondheidsorgsentrum beplan vir die vierde fase van ontwikkeling. Die Oog se kontrak lees: "Grond sal beskikbaar gestel word aan 'n onafhanklike diensverskaffer om 'n fasiliteit op die perseel op te rig vir langtermyn verswakte- en terminale

sorg. Dit sal ook in die latere fases geskied." Dit was met die wete dat daar op daardie stadium baie meer inwoners sal wees en dat daar dan 'n groter kans sal wees dat die sentrum benut kan word.

Die Ontwikkelaar het egter besluit om die sentrum vroeër op eie koste op te rig om vir eienaars die gemoedsrus te gee dat dit nie leë belofte is nie. Die sentrum het 10 kamers wat voorsiening maak vir 20 beddens. Tot nou toe is nie een van die beddens eers vir een nag beset nie.

Tuissorg verkies bo Midsorg

Die ander fasiliteit wat die Ontwikkelaar in die kontrak onderneem het om op te rig, is 'n eenheid vir bystandersorg ("assisted living" of midsorg). Weereens is dit 'n fasiliteit wat opgerig word en inwoners betaal vir die dienste wat hulle daar ontvang. Kontraktueel is dit ook vir latere fases beplan.

vervolg op bladsy 2





vervolg vanaf bladsy 1

In Oktober 2009 is die Midsorg-eenhede reeds aan die mark bekendgestel, maar 16 maande later is slegs 2 van die 32 eenhede verkoop. Terugvoer van voornemende kopers is dat hulle verkies om in 'n gewone huis te woon en tuissorg te ontvang eerder as om in 'n midsorg-eenheid te woon. Die diens is presies dieselfde tussen midsorg en tuissorg – dit is net die plek waar die diens gelewer word wat verskil.

In die lig hiervan is die beplande midsorg-eenhede verminder en die ander eenhede is herontwerp om as gewone huise verkoop te word. Hierdie huise is pas bekendgestel en inligting is by die agente beskikbaar.

Wetlike vereistes

Dit is die verantwoordelikheid van die Regspersoon om toe te sien dat alle dienste voldoen aan die bepalings van die Wet op Ouer Persone en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig, naamlik:

- die diensfasiliteit moet by die Departement van Maatskaplike ontwikkeling geregistreer wees;
- dienste moet geregistreer wees en slegs geakkrediteerde Diensverskaffers sal geregistreer word. Die Regspersoon van die Landgoed sal die Diensverskaffers aanstel;
- die Nasionale Norme en Standaarde gestel deur die Departement;
- die Nasionale Mishandeling Protokol om verwaarlosing en mishandeling

van ouer persone te voorkom en te beheer;

- komitees moet ingestel word ten einde aan Okkupeerders seggenskap te gee ten opsigte van die kwaliteit van Sorg en Bystanddienste;
- sekere dienste moet deur gekwalifiseerde en geregistreerde gesondheidspraktisyns gelewer word;
- aktiewe verouderingsprogramme moet aangebied word.

Ondersteun die Trustees

Dit is in elke eienaar en inwoner se belang om die Trustees te ondersteun wat verantwoordelikheid vat vir die dienslewering namens die Regspersoon. Dit sal die langtermyn sukses van gesondheidsorg op Die Oog Aftreelandgoed verseker.

Onthou ook dat inwoners self verpligtinge het om gesond te leef en hulle mede-inwoners te ondersteun. Ons skryf daarvoor in 'n volgende uitgawe van Knipoog.

Inwoners genooi om te bak

Alecia Coetzer is seker een van die vriendelikste mense op Die Oog. Vir die wat nie weet nie – sy is in beheer van die kombuis en al die spyseniering. Alecia is aangestel nadat Nina Hugo, wat vir 19 jaar die kombuis behartig het, besluit het om 'n nuwe hoofstuk in haar lewe te begin en 'n eie besigheid te begin in die dorp.

Knipoog het vir Alecia gaan vra hoe werk die bakkery op Die Oog. Party mense sê daar kan nie gebak word nie en ander sê daar kan. Wat is die waarheid?

Alecia nooi enige inwoner om met haar te reël om Die Oog se bakoond te gebruik in die middag – reël net die dag voor die tyd en die bakoond is tot jou beskikking. Sy is beskikbaar by die kombuis en eetsaal en kan enige tyd genader word.



Haar telefoon-
nommer is
072 843 2663.

Werkswinkels vir stokperdjies

Leonard Theron is maar een van talle inwoners op Die Oog wat 'n werkswinkel huur om sy stokperdjie te bedryf. Leonard bou modelle van huise wat hy self ontwerp. Hy is baie lief daarvoor om ure in sy werkswinkel deur te bring terwyl hy luister na sy gunsteling musiek.

Daar is so 'n groot behoefte aan werksinkels dat al die beskikbare eenhede al uitverhuur is. Die beplanning is om later vanjaar addisionele motorhuise en werksinkels op te rig.

Inwoners wat nog sal belangstel om werksinkels te huur, word versoek om hulle name op te gee by die verkoopsagente sodat 'n behoorlike behoeftebepaling gedoen kan word.



Min gebruik rekenaars

Dit blyk dat min inwoners bewus is van die bestaan van die rekenaardiens by Die Oog. Die rekenaars wat in die inwoners se sitkamer beskikbaar gemaak is, staan in onbruik. Moontlik is dit omdat inwoners hulle eie rekenaars het wat hulle gebruik.

Inwoners word genooi om van die rekenaars gebruik te maak. Enige ander behoeftes aan besigheidsdienste kan met die administratiewe personeel opgeneem word.



Hengelklub gestig

Op inisiatief van die inwonende hengelaars is daar op 10 Februarie 'n hengelklub by Die Oog gestig. So 'n klub het noodsaaklik geword omdat daar 'n beleid gevestig moet word rakende die vestiging van hengelspesies en hengel in die bestaande damme op Die Oog.

Die vestigingsbeleid het as vertrekpunt geneem dat slegs inheemse vis volgens bestaande wetgewing in ons damme gevestig mag word. Daar is gevolglik besluit om die twee bestaande damme slegs met kurpers te bevolk en 'n aantal bloukurpers, rooiborskurpers en driekolkurpers is reeds in die damme gevestig. Die hengelklub wil graag die ontwikkelaars bedank wat die vestiging van 2000 vingerling gefinansier het.

Dit spreek vanself dat daar 'n beleid gevestig moes word om hengel by Die Oog te reguleer en die volgende interimbeleid is neergelê:

- Hengel sal verbode wees in die Wynassie dam tot Februarie 2012 en daarna sal daar vir 'n verdere jaar 'n beleid van vang en vrylaat toegepas word om vis die geleentheid te gee om behoorlik te vestig.
- Wanneer hengel in die dam toegelaat word sal hengelplekke aangewys word met inagneming van inwoners om die dam se privaatheid.
- Hengel sal in die Tentkampdam toegelaat word maar alle kurpers moet teruggeplaas word en swartbaars moet verwyder word
- Slegs inwoners, hulle kinders en kleinkinders mag by die klub aansluit en sal van 'n gelamineerde ledekaart voorsien word. Kinders onder 10 moet van 'n volwassene vergesel wees. Geen toeriste mag in die damme hengel nie.

- Lede word versoek om nie tydens spitsstye soos langnaweke en spitsvakansies te hengel nie.

Daar word beoog om met omliggende hengeloarde te onderhandel vir afslagtariere vir hengelklublede veral in nie-spitsstye. Hengel in die Frikkie Meyer-dam is gratis en klublede sal poog om hengelplekke wat toegegroei is oop te sny om hengel te vergemaklik. Die Doorndraai-dam het 'n afslagtariet vir pensioenarisse. 'n Lys met hengeltariere van hengeldamme in die omgewing, sal eersdaags beskikbaar gestel word. Klublede word versoek om hengelplekke skoon te hou en goeie hengel-etiket te handhaaf.

Die doel van Die Oog Hengelklub is nie om 'n formele klub te bedryf met hengelrekords en dies meer nie, maar om mense wat hengel as

stokperdjie beoefen in 'n sosiale klub bymekaar te bring wat van tyd tot tyd heerlijk saam kan gaan hengel. Verder is dit in almal se belang dat die klub wat onder die Trusteeraad sal funksioneer 'n hengelbeleid en hengel-etiket vir Die Oog Aftree-landgoed sal saamstel, wat sal meebring dat ons hengeldamme deel van ons tuiste in die natuur word.

Om aan te sluit en 'n ledekaart te bekom, kontak vir Pieter Meyer by 072 268 8739 of by Eenheid 156 Die Oog.



Van Februarie volgende jaar sal hengel in die Wynassie dam toegelaat word.

Die Oog omgedolwe

Die Waterberge het in die huidige reënseisoen behoorlik sy naam gestand gedoen. Die baie reën het gehelp om areas te identifiseer waar die ondergrondse water so vlak kan raak dat dit probleme by sommige huise kan veroorsaak.

Die ingenieurs het die saak ondersoek en aanbeveel dat sigdreinerings gegrave moet word. 'n Sloot word gegrou bokant die probleemarea. Dit word tot op die harde bodem gegrave om die water af te sny en 'n geperforeerde pyp word gelê om die water weg te lei.

Dit is die doel van die slote van bokant die tennisbaan af tot by die hoof parkeerarea.



Rugbyfees oppad

Teen die tyd dat die volgende Knipoog verskyn, begin die 19e Mauritz Hansen rugbyweek by die Hoërskool Hans Strijdom op die dorp. Dit is 'n fees van skolerugby waartydens 1e-, 2e-, o/14-, o/15- en o/16-spanne van 18 verskillende skole deelneem. Hierdie jaar vind dit plaas van 29 Maart tot 2 April.

Die Rugbyweek is in 1993 begin en 16 spanne het aan die week deelgeneem. Dit het toe bekend gestaan as die Hansieweek en is begin deur Mnre. Mauritz Hansen en Lofty Koorzen.

In 2001 is hierdie week se naam verander na die Mauritz Hansen Rugbyweek. In 2008 het 82 spanne aan die rugby week deelgeneem, wat die Mauritz Hansen Rugbyweek die grootste Rugbyweek in die Wêreld gemaak het.

Hierdie jaar is daar weer 80 spanne wat gaan speel. Die Oog is betrokke by die webwerf van die week www.hansieweek.co.za en van die inwoners help ook met die reëlings.

**Enigeen wat nog wil betrokke raak,
kan vir Pieter Meyer (eenheid 156) skakel
op 072 268 8739.**

O gaats, ek het vergeet...

Nooi 'n vriend

Die laaste 30 rondawelhuse in Fase 1 is nou beskikbaar teen baie billike pryse. Die rondawels met 'n klein studeerkamer word aangebied teen R385 000 as geen aanbouing moontlik is nie en R395 000 waar aanbouings wel moontlik is.

Inwoners en eienaars word aangemoedig om vir vriende en familie van hierdie geleentheid te vertel en hulle in kontak te plaas met die verkoopsagente. Daar is 'n handige verwysingskommissie beskikbaar vir 'n suksesvolle verwysing. Die kommissie kan egter net betaal word as jy vir die agent die naam en kontakbesonderhede van die potensieële koper gee voordat hulle self met die agente kontak maak.

'n Huis soortgelyk aan eenheid 200 met 2 slaapkamers, 1 badkamer, sitkamer, kombuis en onderdak braai-area kan ontwikkel word van so min as R690 000. Skermmure is soos altyd ekstra en hang af van die lengte van die muur van die spesifieke eenheid.

'n Eenheid wat slegs opgegradeer is, kos R490 000. Dit is dan 'n huis met 1 slaapkamer, 1 badkamer, leefkamer en kombuis. Daar is 'n opsie om die kombuis na die klein bestaande aanbouing te skuif en op die manier die leefkamer te vergroot.

Die planne van die eenhede word nie aangepas nie, want die eenhede is reeds maksimaal ontwikkel vir die terrein. Hierdie eenhede het almal die voordeel dat hulle naby aan die sentrale fasiliteite geleë is. Dit is ideaal vir ouer persone en diegene wat minder mobiel is.

Daar is ook 'n beperkte aantal Midsorg-eenhede beskikbaar vanaf so min as R399 000 vir eenhede met een slaapkamer, en suite badkamer, sitkamer en kombuis. Die eenhede leef na buite en is gemik op enkellopendes wat nie meer in 'n groot huis belangstel nie.

**Kontak die agente by 014 743 4600 of direk om
verwysings deur te gee.**



Karwas gewild

Almal hou daarvan om in 'n skoon kar te ry. Dit is waarom Die Oog 'n fasiliteit geskep het waar inwoners se motors gewas kan word. Die fasiliteit is geleë reg langs die werkswinkels oppad na die wildskamp toe. Die tariewe is baie billik en die diens is altyd beskikbaar.

Erratum

In die vorige Knipoog is Herman Jordaan van die Ontwikkelaar se van verkeerd aangegee as Du Preez. Herman is finansiële direkteur van die Ontwikkelaar en een van die Trustees. Hy besit eenheid 8.



Posbus 2225, Naboomspruit, 0560
Tel: 014-743 4601
Faks: 014-743 4627
E-pos: admin@dieoog.co.za

